DIE OLIELAMP

Blad van die Jeug in die Vrye Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika

MAMMON KLOP SAGGIES AAN DIE DEUR

In ons daaglikse lewe word ons telkens weer gekonfronteer met situasies waar geld die verleier is. Die nuwe kommunikasie mediums maak dit vir satan net des te makliker om houvas op ons te kry. Die afgelope maand het die nuwe staatslotery die lig gesien. Lotto se eerste trekking het plaasgevind en ses gelukkige mense het met groot bedrae geld weggestap. Ander het weer teleurgesteld hul hoop weer begin vestig op volgende week se trekking. Die puik administrasie en organisasie agter die lotery maak dit vir almal maklik bereikbaar. Vir ons self is die uitdaging groot om dit te probeer of andersyds praat ons vriende, kollegas, studiegenote, ens. vol lof van die nuutjie op die mark. Wat is ons houding daarteenoor? ‘n Ander manier om in ‘n kits ryk te word het in die Internet kanale rondgeswerf. ‘n E-mail is begin dat Bill Gates van Microsoft besig is om sy rekenaar programme wêreldwyd te propageer. Hy kan rekord hou na wie jy al jou boodskappe stuur en hy het hom self daartoe verbind dat vir elke persoon waarna jy jou boodskap stuur jy van Microsoft $245.00 sal ontvang. As dieselfde boodskap deur ander mense verder gestuur word kan dit jou beursie met $243.00 dikker maak vir elke persoon wat dit ontvang. Dis duidelik dat dit ‘n bose spiraal is wat tot groot bedrae kan lei. Die E-mail het al bevestig dat iemand sy tjek van R24000 oor die pos ontvang het. Trap ons nie self daarin nie? Om jou persoonlike poslys deur te gaan en dit aan soveel moontlik mense te stuur met die hoop om ook dalk ‘n beloning te kry nie? Mammon staan nie stil nie. Hy plaas ons daagliks in die materiele golwe van die wêreld. Golwe wat so aangenaam is om mee rond te swem. Golwe en strominge wat jou in noodsituasies kan plaas waar jy somtyds nie meer uit kan kom nie. Waar ons weer die hulp van lewensredders nodig het om weer in die veilige waters te kom. Die waarskuwings staan die Bybel vol. Lukas 16:13 waarsku ons tereg met die volgende woorde: “Julle kan nie God en Mammon dien nie.” Kom ons prent die boodskap in ons hart in. So kan ons ook alle sinnelose winsbejag in sy spore stuit.

Namens die redaksie

Hein Smit



INHOUD

Uit die Woord
- Die roeping van die Evangelie 2
- Is jy salig? 3
- In die fleur van sy lewe 3

Oppad
- It's my life 4
- Hoe lei 'n mens 'n bybelstudie vergadering? 5
- Hoogmoed (vervolg) 6
- Ds. Saayman van Eendekuil oor die NG-Kerk in Suid-Afrika 6
- Onderlinge verhoudings: nou die praktyk 9

Voel jy ook so?
- Weerpatrone 10
- Technology Superhighway 11
- Gospelmusiek 12
- Veras of begrawe? 15

Sosiaal
- Deur die sleutelgat 16
- 'n Mening van oorsee 17
- Voetspore 18

Ander
- Gedig uit: Ja. Uw belijden – Uw leven 19
- Verjaarsdae 20

GELYKENISSE(1): DIE ROEPING VAN DIE EVANGELIE

Cornelis Kleyn

"'n Saaier het uitgegaan om te saai"… (Matt. 13)

Die predikant stap die kerksaal binne. Sy hand word geskud en hy stap die preekstoel op. Daar begin hy die Woord te saai terwyl die gemeente luister…

Klein Wim sit in die voorste ry. Hy is nog jonk en sukkel om die predikant se woorde te volg en dit te verstaan. Hy voel dat die predikant veels te lank bid en preek en dat hy te veel moeilike woorde gebruik.

Vrome Tina sit ook in die kerk en luister aandagtig na die preek. Met blydskap stap sy uit die kerk en vertel die predikant dat hy goed gepreek het. Maar enkele dae later het sy die preek al weer vergeet en sit sy alleen met haar daaglikse moeites en sorge.

Miljoenêr Edwards het ook na die preek geluister. Toe hy weer by die huis was, moes hy net eers weer sy geld gaan tel. Hy het heeltemal van die predikant se woorde vergeet toe hy later die dag uit sy venster gekyk het na al die mooi meisies wat langs gestap het.

Maar Eenvoudige Piet het ook in die gehoor van die predikant gesit. Hy het met blydskap na die pragtige woorde geluister en dit toegepas in sy daaglikse lewe.

Die Woord is elke week by ons gesaai, maar wat doen ons daar mee? Hoe luister ons na die predikant? Dink ons baie keer nie net soos Klein Wim: *"Ag hoekom is die predikant se gebed en preek nou so lank!"* nie? Luister ons nie maklik soos Vrome Tina, wat eintlik net uit gewoonte kerk toe gaan nie? Word ons nie maklik afgelei deur die wêreldse begeertes soos Miljoenêr Edwards nie? Onthou ons nog wel dat God die predikant in sy diens gebruik?

Natuurlik moet die prediker wel regtig God se saad saai en nie die saad van tradisie of sy eie gedagtes nie. Hy moet sy werk trou verrig, maar hy kan net saai, hy kan nie lewe wek nie. God alleen kan die Woord in ons harte laat groei (Joh. 6: 63 en 1 Kor. 3: 5-7).

Laat ons dan onthou dat God se Woord gesaai word, maar God dit alleen kan laat groei. Bid tot God sodat die Woord in jou kan groei. Laat ons God se Woord met blydskap ontvang en daar mee aan die werk gaan (verdere leesstof: 2 Tim. 4:1-5).

Redaksies:

Pretoria:
Redakteur: Dirk Boon (dboon@csg.pwv.gov.za)
Sekretaresse: Karina Smit & Annet Lubbinge
Penningmeester: Rinus Kamphuis
Lid: Arjan van Houwelingen

Maranata:
Redakteur: Hein Smit (hein.smit@bmw.co.za)
Sekretaresse: Annemarie de Vente
Penningmeesteresse: Cora Visser
Lede: Margreet Bron, Frans Hagg

Kaapstad:
Redaktrise: Mirjam Raimond (mraimond@adept.co.za)
Artikelversorging: Maartje Eefting & Christine van der Linden
Sekretaresse: Margreet Moes
Finansies: Jaco Haak

Kontakpersone:
Johannesburg: Wolter Bijker (wolter@global.co.za)
Bethal: Leclue Nienaber

Uitleg:
Gerhard Bijker (gerh@rd.co.za)

Ons hoop om *Die Olielamp* 10 keer per jaar uit te gee. Hierdie eksemplaar is ook elektronies beskikbaar by die volgende internet adres: *http://www.vgk.org.za/olielamp/*

Koste: R35.00 per jaar

IS JY SALIG?

Maaike Raimond

Matthéüs 5:5-6

Salig is die…
…sagmoediges, want hulle sal die aarde beërwe.
…wat honger en dors na die geregtigheid, want hulle sal versadig word.

Is jy vriendelik en sonder aggressie, het jy 'n matige karakter en word nie gou toornig nie? Dan is jy die tipe persoon wat 'n mens sal beskryf as sagmoedig. **In die wêreld waar ons vandag lewe kom 'n mens skynbaar nie baie ver met so 'n tipe houding nie.** In die praktyk lyk dit asof die een met die meeste geweld, die slimste, die sterkste bo uit kom. Jesus beloof egter die aarde nie aan die wat dit probeer verower nie, maar aan die wat dit wil erf. Hierdie mense verwag hul toekoms nie uit eie slimheid en sterkheid nie, maar van God. Die vuur van God sal die hardvogtiges van die aarde wegbrand en die erfenis is vir dié wat vandag, deur geloof in Christus se belofte in vriendelikheid en sagmoedigheid met hulle naaste lewe. Het jy vandag só gelewe?

Honger en dors… skielik is daar twee werkwoorde in Jesus se rede. Dit gaan hier nie oor 'n algemene verlange nie, maar oor 'n heel persoonlike gevoel van tekort. Hierdie honger en dors kan slegs weggeneem word deur persoonlike versadiging. Wanneer jy honger en dors na die geregtigheid kan jy egter nie versadig word deur jou eie middele nie. **Salig is jy reeds wat weet dat jy 'n gebrek het aan geregtigheid!** Gaan jy regverdig om met God en ander mense? Of staan jy hier skuldig? Net God kan hierdie honger en dors versadig!

Al die saligsprekinge is soos 'n vonkelende kristal. Na alle kante straal een en dieselfde lig: God se liefde vir sondaars. Om te wandel in die lig vra dat jy jouself as sondaar ken. Dit het tot gevolg dat jy van jouself gaan wegstaan en gaan opkyk en wys na God wat in die hemel is. Die geheim hier is Christus self. Lees maar Jesaja 61:

"*Hy het My gestuur om te verbind die gebrokenes van hart, om vir die gevangenes 'n vrylating uit te roep en vir die geboeides opening van die gevangenis; om uit te roep 'n jaar van die welbehae van die Here en 'n dag van wraak van onse God; om al die treurendes te troos; om vir al die treurendes in Sion te beskik dat aan hulle gegee word sieraad vir as, vreugde-olie vir treurigheid, 'n gewaad van lof vir 'n verslae gees; sodat hulle genoem kan word terebinte van geregtigheid, 'n planting van die Here tot sy verheerliking.*"

Bibliografie: Dr Jacob van Bruggen - Matthéüs

IN DIE FLEUR VAN SY LEWE

Anneke Begemann

2 Kronieke 34:3

…en in die agtste jaar van sy regering, terwyl hy nog jonk was, het hy begin om die God van sy vader David te soek.

Stel jou voor jy is in graad 3 en dan word jy al koning. Ons kan ons dit nie voorstel nie. En tog word dit in die Bybel aan ons vertel in verband met Josia.

Josia is 'n pragtige naam. Dit beteken: die Here ondersteun. Die jong Josia was net 8 jaar oud toe hy koning geword het, hoewel sy moeder in die begin saam geregeer het. So jong al koning. Die

verleiding kon baie groot gewees het om baie trots te word. Daarlangs was die sterk verleiding van die afgodediens uit die nabye omgewing. Maar God was daar om hom te ondersteun. God hou hom vas. God hou Sy verbond ook aan hierdie seun. Wat ‘n bemoediging vir ouers wat hul kinders in hierdie wêreld sien opgroei.

As vrug van God se verkiesende liefde leer Josia om die Here te vrees. Wat presies gebeur het toe Josia 16 jaar was weet ons nie, maar die Heilige Gees getuig: hy begin om die God van sy vader David te soek. Die woord soek sluit die begeerte in om die Here te ken in al die take en omstandighede van die lewe.

Verder staan daar: “nie links of regs afgewyk nie”. Daarop kan ‘n mens jaloers raak. Hoe maklik val ons nie af nie, ookal het ons die begeerte om die Here te dien en te vrees. By Josia was dit nie so nie. Nou weet ons ook van die Een wat nooit links of regs afgewyk het nie, wat geen sonde gedoen het nie. Christus, ons Verlosser, “wat die behoeftige sal red, wat roep om hulp” – Psalm 72:12.

Uit: Gods weg met mensen – Bijbels Dagboek

Oppad

IT’S MY LIFE

Maartje Eefting

Jy voel die wêreld druk nou net te swaar op jou skouers. Niks wil uitwerk soos jy dit wil hê nie. Dit maak jou moedeloos – jy werk dan so hard. Jy dink nog aan al die dinge wat jy moet doen. Wat gaan van jou word? Jy moet jou graad vang, jy moet eendag (of selfs: nou) ‘n ordentlike werk kry. Jy wens jy kan vir altyd jonk bly, sodat die probleme van die volwasse wêreld by jou verbygaan.

Die wonderlike is: jy hoef nie alleen hierdie lewe aan te pak nie. God sal oral met jou wees. Waarom is dit dan dat ons tyd, wat aan God behoort, opsy skuif om aan ons studies aandag te gee? Hoekom neem ons nie daardie tydjie af om van God sterkte vir ons werk en seën oor ons werk te bid nie? Dit maak nie sin nie. Sonder God is al ons werke vrugteloos en ‘n gejaag na wind. Ons moet besef dat, soos die Prediker sê, God dit is wat sin en rigting aan ons lewe gee. Is dit nie ook vir jou bemoedigend om te weet dat niks op hierdie aarde nie so belangrik is soos jou verhouding met God nie? ‘n Groter erfporsie aan jou kinders gaan jou nie ‘n ereplek by God besorg nie. So waarom jou doodwerk om tog net iets na te laat? Waarom werk ons ons nie dood om meer van God te wete te kom en dit dan ook daadwerklik toe te pas in ons lewens nie? Iewers is die balans uit.

Sonder God is al ons werke vrugteloos en 'n gejaag na wind

Is dit nie soms so dat ons nie wil hê dat God in ons lewens moet inmeng as dit nie nodig is nie. Jy bid voor die vraestel jou knieë deur, maar na die toets gaan drink jy eers ietsie om te vier dat jy nog een oorleef het. Bid ons dan nog? Besef ons wat God vir ons doen? Besef ons nog dat God die Almagtige Vader uit sy grondelose genade ons uitverkies het tot sy kinders? Hy hoef nie enigsins aan ons aandag te gee nie, maar Hy doen dit. Hy roep ons by die naam en belowe ons om by ons te wees tot die voleinding van die wêreld. Hy vergewe ons sondes. Hy het ons ‘n Verlosser gestuur. Waarom sukkel ons nog met vraagstukke soos die doop, die uitverkiesing en sukkel ons soms in die gemeente om verskille op te los? Dit is goed om kennis te vergader en om oor dergelike sake op vereniging te gesels. Ons help mekaar so. Maar as jy die blye boodskap hoor – aanvaar en glo dit. Dit is God se beloftes aan jou ook. As jy gedoop is, as jy belydenis gedoen het, of gaan doen – jy is God se kind. Roep dit nie om ‘n lewe uit dankbaarheid nie?

HOE LEI ‘N MENS ‘N BYBELSTUDIE VERGADERING?

Hilde Ros

Ons is baie dankbaar dat die jeug van die twee gemeentes in Pretoria ‘n aand kon vind om by me. Inge de Visser bymekaar te kom om te leer oor hoe om ‘n vergadering wel en nie te lei nie. Ons wou graag so veel as moontlik jeug daar gehad het, aangesien daar soms voorsitters in die helfte van die jaar nie meer kan lei nie en dan moet ander oorneem wat miskien nog nooit ‘n idee gehad het oor hoe om te lei nie. Verder is dit goed as al die lede weet wat die voorsitters besig is om te doen om sodoende hulle volle samewerking te kan gee. Dit was baie leersaam.

Iets waarop baie klem gelê is, is ons harte en houding. Ons moet besef dat ons Bybelstudie doen tot eer van God en om Hom beter te leer ken asook om agter te kom hoe en wat ons broers en susters dink, vir wedersyde ondersteuning, gemeenskap van die heiliges en om antwoorde op ons lewensvrae te vind.

Daarvoor is dit belangrik dat die atmosfeer goed moet wees en dat ons veral een aspek van die vrug van die Gees beoefen, naamlik bewoënheid: om vir mekaar te kan luister en mekaar se belange op die hart te dra sonder om na die bespreking vir die ander te sê: “het jy gehoor…..?” Dan kan ons ook dink aan wat in Efésiërs 4:29 staan: “laat daar geen vuil woord uit julle mond uitgaan nie, maar net ‘n woord wat goed is vir die nodige stigting, sodat dit genade kan gee aan die wat dit hoor.”



‘n Mens se liggaamshouding kan ook baie doen of afbreek aan die goeie atmosfeer. As die voorsitter lusteloos is, sal baie gou die hele vergadering ‘n lusteloosheid weerspieël. Persoonlike voorbereiding en die feit dat die lede mekaar redelik ken asook ‘n woord van welkom en dank maak ‘n positiewe bydrae.

Op ‘n vergadering is die normale gang van sake wat ons almal nou al so goed ken, soos volg: ons sing ‘n Psalm, iemand bid, dan word die notule gelees en gedeeltes uit die Bybel, dan die inleiding en dan volg die bespreking met as laaste rondvraag. Sal dit nie ‘n goeie ding wees as ons hierdie roetine so nou en dan verbreek nie? Deur byvoorbeeld 'n debat te hou? ‘n Gesang te sing? Te sing met begeleiding van een of ander musiekinstrument? Of in klein groepies te bespreek? Ons kan moontlik opvolg kursusse hieroor hou.

Nog voorstelle wat genoem is, is dat elkeen die aand ‘n vraag of stelling bring wat op ‘n papiertjie geskryf is en dan word die papiertjies geskommel. Elkeen trek een en dink daaroor na en na ‘n tydjie word dit bespreek. Of ‘n stelling word gemaak en elkeen moet iets neerskryf. Of die bekende “5 vrae” word bespreek naamlik:

1. Wat sê hierdie Bybelgedeelte oor die Here Jesus?
2. Wat is die waarskuwing in hierdie gedeelte?
3. Wat is die belofte?
4. Watter vers was vir my die mooiste en hoekom?
5. Wat in hierdie gedeelte kan ek gebruik vir my gebed?

Tydens die bespreking self sal dit goed wees as die voorsitter seker maak almal verstaan, om ‘n opsomming aan die einde van die beantwoording van ‘n vraag te gee en te vra of die vraesteller tevrede is.

Daar kan dinge gebeur waar die voorsitter nodig het om in te gryp. Hopelik gebeur dit met liefde in die hart en ‘n houding van: “Hoe kan die situasie gered word?” eerder as om geirriteerd en gefrustreerd te voel met sekere situasies en persone.

Voorsitters moet leer om nie bang te wees om leiding te gee as daar ‘n negatiewe gees of vraag is, as daar mense is wat te veel praat of mense wat nie graag praat nie, as iemand belaglik gemaak word of as die kern nie aangeraak word nie en die mense van die punt afdwaal.

Ek hoop dat ons ‘n geseënde jaar sal hê en dat die besprekings ons sal opbou as kinders van die Here. Ons bid dan vir al die voorsitters vir ‘n Christelike leiding en al die (gas)lede vir volle samewerking en ondersteuning. Sien julle daar!

HOOGMOED (VERVOLG)

Mirjam Raimond

In die eerste uitgawe van hierdie jaar het ek ‘n artikel geskryf oor hoogmoedigheid. Die artikel was redelik kras en negatief geskryf. Daar kon vanuit die artikel afgelei word dat mense met status en geld neerkyk op ander mense wat dit nie het nie. Ek het beslis nie gesinspeel op enige spesifieke gebeurtenis nie, of dat dit ‘n groot krisis in die kerk is nie. Eerder wou ek net oor hoogmoed in die algemeen skryf, en het die geld en status as voorbeeld gebruik. Ook verder dat ons weer sal nadink oor hoogmoed en daarvoor sal oplet in ons daaglikse lewe wanneer ons met ons naaste te doen kry. Dit was dus ‘n onderwerp wat net weer ‘n keer aangeroer moes word.

Op ‘n meer positiewe punt: Met baie geld (om dit nou om te draai na ‘n positiewe punt) is daar beslis niks verkeerd nie, daarvoor het ons genoeg voorbeelde vanuit die Bybel (Abraham, Job ens.).

En iets waarvoor ons dankbaar kan wees is die feit dat wanneer mense in die kerk finansieel swaarkry, daar genoeg mense is wat ruim skenkings maak (vir die diakonie) sodat die mense wat swaarkry ook gehelp kan word. Dit is natuurlik weer die ander kant van die saak en so behoort ons as Christene op te tree en so tree baie mense ook baie keer op binne die gemeente.

DS. SAAYMAN VAN EENDEKUIL OOR DIE NG-KERK IN SUID-AFRIKA

Dirk Boon

Ken jy die behoeftes en gebreke van jou mede-gelowiges van ander kerke in ons land? Het ons enige band met die Nederduits Gereformeerde Kerk (NGK)? Het ons broers en susters in die NG Kerk? Kan ons hulle ons broers en susters noem? Almal van ons weet dat daar baie veranderings in Suid-Afrikaanse kerke is. Ons beleef nogal ‘n rustelose tydperk waar mense redelik deurmekaar is oor kerk en geloof. Weet ons wat presies hierdie probleme is, veral ten opsigte van die NG Kerk?



Dit is baie baie nodig dat ons **weet** wat gebeur in Suid-Afrikaanse kerke. As gelowiges wil ons die reddende Evangelie versprei aan so veel as moontlik mense. Daarom het ds. Saayman van die NG gemeente Eendekuil (Weskaap, *sien kaart*) onlangs op ‘n gemeentevergadering van ons kerk (VGK) in Kaapstad bietjie meer lig op hierdie onderwerp gegooi. Hy is redelik goed op hoogte van die toestand van die liggaam van Christus in Suid-Afrika en daarom kan ons baie van hom leer. Aan die hand van ‘n paar punte

word hieronder verslag gedoen oor wat hy alles gesê het.

Die band tussen die NGK en die VGK
Daar bestaan vandag ‘n baie sterk band tussen die NGK en die VGK. Dit is in die eerste plek ‘n band waarin ons dieselfde dinge bely (*konfessionele band*). Altwee hierdie kerkverbande onderteken die drie belydenisgeskrifte soos ons hulle ken: die Heidelbergse Kategismus, die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Dordtse Leerreëls. Dit is egter *belangrik om te verstaan* dat hierdie band slegs in teorie bestaan en ongelukkig nie in die praktyk nie.

In die tweede plek is daar egter ‘n *sterk geestelike band*. Daar IS mense in die NGK wat WAARLIK op Christus alleen vertrou en Hom ALLEEN wil soek. In hierdie opsig vervaag die skeiding van kerkverbande, en is daar ‘n band in die geloof. Dit gaan dus in hierdie opsig nie in die eerste plek oor hulle en ons nie, maar oor ONS ALMAL SAAM in Christus. Die vraag is nou: Hoe kan ons mekaar *binne hierdie band* help en versorg?

Die identiteitskrisis van die NGK
Hierdie ‘buurman’ (NGK) van ons verkeer in ‘n *groot krisis*. Dit het sekerlik te doen met die groot ommekeer wat Suid-Afrika beleef het vanaf 1994. Dit het ook te doen met die tydsgees (bv. relatiwisme, alles is reg en waar) waarin ons leef. Die NGK weet naamlik nie meer wie of wat hy is nie. Ds. Saayman gebruik die woord ‘warboel’ in hierdie opsig – met ander woorde ‘deurmekaar.’

Dit kan vergelyk word met die *tyd van die Rigters*. Mense was toe baie verward en het nie meer geweet wat is voor of agter nie. So ook vandag: as mens na die briewe-kolomme kyk van bv. ‘Die Burger’ (Kaapse koerant), kan mens die warboel waarin mense verkeer raaksien. Daar is groot geloofsonsekerheid in ons land.

Die ironie van die saak is egter dat die *NGK WEL ‘n identiteit* het, wat naamlik gegrond is in die Gereformeerde Belydenis. Ds. Saayman het as predikant hierdie drie formuliere onderteken. Maar hierdie identiteit funksioneer ongelukkig nie meer in die praktyk nie.

Volgens ds. Saayman is daar nie sommer enige drie predikante wat sal saamstem oor wat dit is om Gereformeerd te wees nie.
Invloede wat deesdae egter sterk op die NGK inwerk is:
1. Tradisionalisme
2. Charismatiese invloede
3. Anglikaanse en Roomse invloede (!)

Wat moontlik aan die wortel van hierdie probleem lê, is die *krisis rondom die Skrifgesag*. Die Woord van die Here dra nie meer gesag in die kerke en gesinne nie. Sinodes maak verskillende besluite op grond van dieselfde Bybel – dit dra by tot die verwarring onder die mense.

Grondverskuiwings in die NGK
Hierdie verwarring in die NGK kan onder andere aan die volgende *grondverskuiwings* gereken word. Dit is belangrik om te besef dat ons as VGK nie imuun teen hierdie dinge is nie:
1. Daar word wegbeweeg van die 3 formuliere van eenheid
2. Wegbeweging van die behoudende Skifgesag, waaraan die NGK vroeër gewoond was
3. ‘n Besliste skuif na die Charismatiese kant
4. Die soeke na iets nuuts, in plaas van Reformasie (Reformasie is die terugkeer na die basiese Evangelie boodskap, NIE nuwe dinge nie; soos bv. die Geloofsverklaring 2000)
5. Die breuk met die Reformasie met betrekking tot sang in die kerk
6. As gevolg van hierdie dinge word eiesinnigheid aangemoedig soos in die tyd van die Rigters

Wat wel waar (en positief) is, is die feit dat gemeentes *WEL* by die Gereformeerde belydenis *kan* bly, omdat dit in wese die identiteit van die NGK is! Dit kan dus ‘opgegrawe’ word en uitgeleef word.

Wat is die behoeftes van lidmate in die NGK (EN die VGK)?
Ds. Saayman het dit duidelik gemaak dat lidmate nie noodwendig *iets anders of iets snaaks soek nie*. Hulle soek nie dinge soos om in tale te kan praat nie, of die grootdoop, of selgroepe met

'warmte' nie. Dis net bysaak. Hulle soek *duidelike Skrifprediking* wat verstaanbaar, helder en aansprekend is en die hart raak. Heel eenvoudig – die Woord van God!

Wat so mooi is dat hulle in Eendekuil soveel as moontlik die Woord van God wil bring. Op Woensdagaande het hulle bv. Bybelstudie waar sekere Bybelboeke behandel word. Daar is dan boere wat van die VERSTE plase kom en wat hierdie Bybelstudie geleenthede vir niks sal mis nie. Hulle gryp regtig elke geleentheid aan om die Woord van God te kan hoor. En dis nie vir snaakse dinge nie wat hulle kom nie, maar eenvoudig vir die Woord van die Here!

Hoekom voldoen die NGK nie aan hierdie behoeftes nie?
Die volgende redes is genoem:
1. Geen stabiliteit in die NGK nie
2. Geen Skrifgesag nie
3. Prediking het geen impak nie
4. Kategismuspreke het verval
5. Verwaterde of geen verbondsbeskouing nie
6. Geen oproep (appèl) meer tot bekering nie

Wat is die kwaliteite van 'n kerk om werklik die lidmate te help?
Dit is in hierdie opsig belangrik om *onsself te evalueer* teen die volgende punte. Is ons werklik 'n kerk wat kragtig die Evangelie uitdra?
1. Die kerk moenie ekslusief wees nie
2. Geen hoogmoedigheid en meerderwaardigheid nie!
3. Die kerk moet let op sy lewenswyse en getuienis na buite – deur dit wat jy **doen** en nie net wat jy sê nie (ook in terme van jeugsake)
4. Daar moet warmte en 'omgee' wees vir mekaar soos wat daar by Christus is
5. Ernstige en direkte Skrifprediking wat mense tot bekering oproep
6. Duidelike indentiteit en standpunt oor aktuele sake
7. Doelgerigte bediening aan lidmate wat bv. siek of eensaam is
8. Gebruik bv. die radio om eredienste of advertensies uit te saai
9. Klem op die bekering van die hart en nie net fokus op verstand nie

'n Paar punte ten opsigte Evangelisasie
Gemeentes moet daadwerklik evangelisasiewerk doen deur bv. van huis tot huis te gaan. Dit gaan oor die *Evangelie van Jesus Christus in die eerste plek*! Moenie al dadelik 'n kerkbekendstellings-blaadjie uitdeel nie! Mense hoef nog nie dadelik te weet van watter kerk ons is nie. Dit gaan dus nie oor bemarking van ons kerk in die eerste plek nie, maar oor die bediening en verspreiding van die Evangelie! Die lewende brood en water wat ons almal nodig het om gered te word.

Die jongmense en hulle probleme
Ds. Saayman het genoem dat jongmense deesdae baie na hulle *eie belange* omsien. Hy het egter tereg opgemerk dat dit by ons jeug net so 'n groot probleem kan wees. Die jongmense op die platteland is verder wel meer *konserwatief* as die stadsjeug. Die stedelike jeug is verder moeilik om te bedien, veral omdat baie van hulle in koshuise gaan woon as hulle gaan studeer, en ook met allerhande vreemde invloede te doen kry.

Wat wel mooi is, is dat die *finalejaar katkisante* van die ds. Saayman se gemeente die 3 formuliere moet deurwerk en ken soos ons dit ook gedoen het. Dit is mooi dat mens dan op gemeenskaplike grond kan staan in die geloof.

Slotopmerkings *(van skrywer)*

Dit is uiters belangrik dat ons die situasie in Suid-Afrika ten opsigte van die kerk moet ken.
Daar is baie mense in hierdie land wat ***soekende is na die ware Evangelie***, maar wat dit nie werklik kan vind nie. Dit is in baie gevalle as gevolg van die slegte toestand van die kerke in Suid-Afrika.

Hoe *dankbaar* kan ons dan nie wees vir dit wat ons elke Sondag in die kerk mag hoor nie!? Dat ons goeie predikante het wat van harte die ware Evangelie aan ons wil verkondig, en ons nie wil verwar met allerhande nuwe en vreemde leerstellings nie!

JA, ons kry ongelooflik baie van die Here: die ware aanneming as kinders van God ons Vader, totale vergewing van sondes en die belofte van die ewige lewe! *Sal ons dit dan vir onsself wil*

hou? Laat ons die lewende water wat ons van Christus ontvang onselfsugtig uitdeel sover as wat ons kan – Hy het dit immers totaal en al VERNIET aan ons gegee! Om dit te kan doen, moet ons bereid wees om op hoogte te wees van wat in Suid-Afrika gebeur en *om te leer wat en hoe* ons dinge kan doen (en sommige dinge NIE te doen nie) om die lewende Woord te versprei, tot redding vir elkeen wat glo.

ONDERLINGE VERHOUDINGS: NOU DIE PRAKTYK

Jaco van der Lugt
Kommissie Gemeente-opbou, Pretoria gemeente

In die gemeente Pretoria is daar weer op ‘n jaartema besluit: ‘Onderlinge verhoudings met mekaar en na buite’. Die bedoeling is dat hierdie onderwerp gedurende die jaar in die prediking en op huisbesoeke en wyksbyeenkomste spesiale aandag sal geniet. Aan die begin van die jaar is ook ‘n gemeenteaand gehou waartydens die onderwerp ingelei en kortliks bespreek is.

Alles goed en wel: die kerkraad en die kommissie Gemeente-opbou het hulle opdragte uitgevoer en aan die einde van die jaar word die een en ander geëvalueer. Dan begin die ouderlinge en diakens ook weer dink aan ‘n tema vir volgende jaar. So verskuif die fokus volgende jaar weer na iets anders. Maar het daar intussen iets verander? Is die besinning op so’n onderwerp vrugbaar?

Beleidsplan
Miskien is dit goed dat die jeug (jeugsentrale) ‘n plan van aksie opstel, kom ons noem dit ‘n beleidsplan om die onderwerp te bespreek en in die praktyk te bring. Dit kan gedoen word aan die hand van ‘n aantal vrae met die inleiding op die gemeenteaand as basis. Op die verenigings kan dit bespreek word, maar ook in die gesinne en met vriende. En dan moet daar tog iets gebeur? Maak die onderwerp aktueel - daar is so veel om oor te praat en in die praktyk te bring!

Verhoudings of relasies het verskeie aspekte:

1. **Die relasie met jouself**
   Ons is almal verskillend. Ken jy jouself al goed genoeg om te weet wat jou sterk en swak punte is? Watter gawes jy mag gebruik in jou verhoudings met ander?

2. **Die relasie met medegelowiges in die gemeente**
   Goeie vriendskappe is waardevol. Hoe lekker is dit om saam dinge te doen, uit te gaan en te geniet van die lewe. Maar wat van daardie seun of meisie wat alleen is en nie maats het nie, en moeilik aanvaar word in die groep? Bid ons vir mekaar in die gemeente? ‘n Moeilike punt is altyd ‘onderlinge tug’ onder die jeug: kan julle mekaar ‘vermaan’ indien daar dinge gebeur wat nie mag nie of wanneer iemand besig is om af te dwaal? En wat doen die jeug vir die siekes in die gemeente of die bejaardes? Nou word dit moeiliker en kos die verhoudings meer inspanning.

3. **Die relasie na buite**
   Ons kan in die gemeente so besig wees met mekaar dat daar weinig aandag is vir mense buite die kerk. Een aspek is die gasvryheid teenoor mense en veral jongmense wat ons eredienste kom besoek of maats buite die kerk. Maar daar is ook kerke rondom ons; NG kerke sowel as Gereformeerde gemeentes. Kan julle nie jul rykdom meer met hulle deel nie? Anders gestel: kan julle hulle jaloers maak op ons gemeentelewe?

Sommer enkele gedagtes. Mag ons as gemeente(s) reken op julle jongmense se besinning en inspanning hierdie jaar oor die tema ‘verhoudings’? Kan ons DV aan die einde van 2000 vra: het ons mekaar opgebou en iets beteken vir die ander?

WEERPATRONE

Marjanie Roose

Die weerpatrone van die laaste twee jaar het baie uiterstes getoon. Die bekenste voorbeeld is seker die vloede in Mosambiek en in ons eie land. Die vloede is ‘n natuurramp wat veroorsaak het dat duisende mense vermis word en honderde mense hulle lewe verloor het. Daar is ook miljoene rande se skade opgedoen. Die ekonomie van Mosambiek kan hierdeur heeltemal platval.

‘n Ander voorbeeld is die weer wat hulle in Amerika gehad het die laaste seisoen. Dit het alle vorms van uiterstes aangeneem, die noorde en ooste het ‘n rekord hoeveelheid sneeuval gehad, maar die noordweste het weer vreeslik baie reën gehad wat twee keer tot vloede gelei het en die sentraal-suide het abnormale hitte en droogte gehad.

Die wetenskaplikes sê dat daar twee redes is vir die veranderinge van die weer:

1) Dit is as gevolg van “global warming”, die wêreld word elke jaar warmer. Dit is die mense se fout, want dit is die tegnologie en industrië wat die aarde laat verwarm.

2) Die tweede rede is die *El Nino* en *La Nina* weerpatrone. *El Nino* is ‘n weerpatroon wat elke paar jaar voorkom, dit is verantwoordelik vir die verwarming van die Stille Oseaan en dit het ‘n groot effek op die reënval oor die hele wêreld. *La Nina* kom voor wanneer die water koel bly, dit is die normale weerpatroon.

Die wetenskap het die laaste jare vreeslik vooruitgegaan, wetenskaplikes hoop om binne ‘n paar jaar die weer 100% te kan voorspel.



Maar is dit regtig sulke goeie nuus? Moet ons hulle hulp verwag om ons te beskerm teen die weer, is daar nie Iemand anders nie, Iemand groters? Die Here God is die enigste wat ons kan beskerm teen enigiets, al is dit droogte of vloede.

Die wetenskap kan baie ver vooruit wees en die mense kan mekaar almal hulp aanbied, maar as die Here vloede gee dan is daar niks wat ons kan doen nie, behalwe om te bid dat God ons sal genadig wees.



In die sondige wêreld sal daar altyd natuurrampe wees. God sal altyd droogte en vloede, hitte en koue gee, maar ons hoef nie bang te wees daarvoor nie, want God sal ons bewaar (Ps. 31:24). Hy sal ons altyd te hulp kom in tye van nood. Watter vertroosting is dit nie dat ons weet dat ons nie op mense hoef te vertrou vir beskerming nie, maar dat die Here God altyd daar sal wees vir ons en ons altyd sal bystaan.

Psalm 121:6-8
Die son sal jou bedags nie steek nie,
die maan ook nie by nag nie.
Die Here sal jou bewaar vir elke onheil,
jou siel sal Hy bewaar.
Die Here sal jou uitgang en ingang bewaar,
van nou af tot in ewigheid.

‘TECHNOLOGY SUPERHIGHWAY’

Henriëtte Ros

Op 25 Februarie het ons studentevereniging die nuwe jaar geopen met ons eerste vergadering. Om 19:15 het ons vanaf Pretoria kerkgebou na die Technikon gery waar Johannes de Vries vir ons die onderwerp gaan inlei. Dirk het vir ons ‘n databasis op Herman se ‘laptop’ opgestel en terwyl hy al ons inligting ingetik het, het ons solank koffie en tee gedrink en gekuier. Net na agtuur het Jo begin deur die onderwerp in sewe kategorieë in te deel nl: rekenaars, magnetiese laers, internet, optiese vesel, radio-frekwensie, outomatisasie en spraak herkenning.



Onder die tema rekenaars het ons op ‘n video gesien hoe microchips van silikon vervaardig word. Dit gebeur in absolute steriliteit, honderd keer meer steriel en stofvry as ‘n teater in ‘n hospitaal. Die ontwikkeling wat op die gebied besig is om plaas te vind, is byvoorbeeld dat ‘n microchip in ‘n mens se brein of op sy senuwees ingeplant word sodat ‘n kwadrupleeg se gedagtes selfs ‘n deur kan laat oopgaan.

Daarna het ons na een van die vele projekte van die Technikon gaan kyk. Dit is ‘n drie ton skyf wat ontwikkel word as deel van ‘n magnetiese seël. Die skyf word opgelig en beheer met behulp van sestien magnete. Die skyf sal as ‘n seël funksioneer as deel van ‘n turbine wat krag opwek.

Oor die Internet het ons onder andere musiek video’s gekyk. Ongelukkig wat die internet nie vinnig genoeg nie sodat CNN nie vir ons die jongste nuus kon gee nie.

Het julle geweet dat Telkom deesdae besig is om ‘n klomp lyne met optiese glasvesel te vervang? Die fabriek wat die optiese vesel vervaardig is in Brits en het ‘n hoë toring. ‘n Een meter lange dubbel glasstaaf word bo in die toring opgehang. Die onderste punt word verhit sodat dit begin smelt en afloop in ‘n ruimte gevul met heliumgas. Met laserstrale kontroleer hulle die dikte van die veseldraadjie en verander daarvolgens die temperatuur van die helium totdat die regte deursnit van omtrent 0.2 mm bereik is. Onder word die glasvesel dadelik opgerol. Een meter oorspronklike glas produseer ses kilometer optiese vesel. Optiese vesel kan slegs maklik breek as jy ‘n knoop daarin maak en dit dus te ver buig. Jo het gedemonstreer hoe mens met ‘n klein masjientjie die glasvesel heg. ‘n Mens kan onder die vergroting selfs nie die lasplek sien nie.

By radiofrekwensie het ons geleer van seine wat soos ouens met bokse koekies rond hardloop. Die koekies is die boodskap wat oorgedra word en die ouens is die draerseine. Selfone, radio’s, M-Net en satelietskottels werk op hierdie manier. Jo het ook ‘n model van ‘n FM “transmittertjie” gewys.

Outomatisasie is ‘n groot deel van tegnologie ontwikkeling, nl om die mens se lewe te vergemaklik, verbeter en geriefliker te maak. Deur alles aan Internet te koppel sou jy op jou selfoon kon bel en solank al jou ketel aanskakel sodat die water warm is as jy tuiskom. Of jou kar gesels met die hek, maak dit oop, sit jou motorhuis se ligte aan en sluit solank jou huis se deure oop. Of jou horlosie “log” in op jou rekenaar en lees solank jou e-mail vir jou. Die rekenaar kan ook op jou pupille reageer, wat vergroot as jy ‘n interessante onderwerp raaklees en dan kry hy vir jou nog webbladsye oor soortgelyke onderwerpe.

In Duitsland word die pasiënte met ‘selfoon’-agtige monitors gemonitor. Daarop verskyn al sy vitale data tot sy EKG toe. Hy kan dan in die hele hospitaal rondloop terwyl die personeel deurlopend sy informasie op ‘n skerm sien. Sodra iets verkeerd gaan weet hulle ook dadelik waar die pasient is.

Daar is ook ‘n webbladsy waar mens ‘n kamer

sien wat deurlopend op video is. Jo het gewys hoe jy met die rekenaar hier is Suid Afrika die blindings voor die venster kan oop en toe maak en die ligte kan aan- en afskakel. Dit gee ook die kamer temperatuur en die ligintensiteit.

Met spraakherkenning herken die rekenaar jou woorde en sit dit om in teks. Die rekenaar het egter nie Jo se Afrikaans herken nie en het met nogal snaakse sinsgrepe voor die dag gekom. Daar is ook ‘n telefoondiens waar jy vir die rekenaar aan die anderkant van die lyn sê met wie jy wil praat en dan verbind dit jou outomaties.

Nog ‘n interessante projek van ‘n Franse M-student is ‘n vliegtuigie wat hy vir Eskom ontwerp. Die vliegtuigie moet ‘n kraglyn kan volg, deurlopend ‘n video neem en van elke kragpaal ‘n foto kan neem. Die doel hiervan is dat slegs een werknemer nodig is om die lyne te inspekteer. Hy staan op die grond en sien dit wat die video opneem. Na ‘n sekere aantal kilometers draai die vliegtuigie om en neem van die anderkant af foto’s. Die operateur kan dan op die foto’s sien watter kragpale skoongemaak moet word.



Na ‘n kort bespreking het ons ‘n nuwe bestuurslid gekies omdat die hooi op Dirk se vurk te swaar word. Baie geluk aan Karina Smit. Ons hoop jy geniet dit saam met ons. Toe’s dit tyd vir vuurmaak bo op die Technikon se dak. Ons het marshmallows gebraai en stokbrood gebak en musiek geluister en sommer net lekker tot die vroeë oggendure gekuier.

Ons kan weer terug kyk op ‘n baie geslaagde aand wat ons as Gereformeerde studente saam uit die Here se hand mog ontvang. Ons vestig ons Hoop op Hom dat Hy ons verigtinge deur die jaar sal lei en bestuur sodat ons Sy Hand in al die verskillende studierigtings sal raaksien en meer van Sy Almag mag leer.

GOSPELMUSIEK

Dirk Boon

Dit is 'n feit dat almal van ons al iewers gehoor het van gospelmusiek, 'n aktuele onderwerp waarmee ons gereeld te doen kry. Baie van ons weet soms egter nie regtig hoe ons teenoor gospelmusiek moet staan nie. Daarom het die PTA redaksie van die Olielamp dit goed gedink om iets daaroor te plaas.

Die eerste deel van hierdie 'projek' was ‘n e-mail opname onder 'n klompie mense binne ons gemeentes waarin 'n paar vrae oor die konsep gospelmusiek gevra is. Dit is om 'n beter geheelbeeld te kry oor die gangbare mening van gospelmusiek.

Vrae wat gevra is was:

1. Na jou mening, wat is gospelmusiek?
2. Hoe verskil gospelmusiek van alledaagse musiek (musiek waarna jy elke dag luister)?
3. Hoe verskil gospelmusiek met kerkmusiek?
4. Dink jy dit is goed om na gospelmusiek te luister?
5. Is daar gospelmusiek wat jy sou aanraai / afraai om te luister?
6. Enige ander opmerkings oor hierdie onderwerp...

Aangesien goeie reaksie verkry is op hierdie e-mail opname kan ongelukkig nie al die antwoorde op die vrae geplaas word nie om die eenvoudige rede dat dit te veel plek in die blad gaan inneem. Daar is besluit om net die antwoorde op vrae 1, 4 en 5 te plaas.

Na jou mening, wat is gospelmusiek?

- Godsdienstige musiek op 'n meer moderne wysie gerig op die jeug om te evangeliseer.
- Dit is presies wat die naam aandui: evangeliese musiek, m.a.w musiek waarin daar gesing word van God, sy heerlikheid, sy verlossing en sy sorg.
- Gospel is musiek wat deur mense gemaak is en wat gaan oor die evangelie, oor Christus en ander Christelike onderwerpe.
- Die musiek word volgens my gospel genoem sodra dit oor God of soortgelyk gaan (Engele, geloof, verlossing, liefde, ens.) Die wysie maak nie saak om te klassifiseer vir gospel nie, slegs die woorde.
- Dis 'n swak nabootsing van gewone popmusiek. waar gewone popmusiek soms die werke van die duiwel propageer, probeer gospel dieselfde met die werke van God. God word dus 'n pop ikoon.
- Weet nie eintlik nie. Ek self luister omtrent nooit musiek nie - *nevermind* gospelmusiek. Sover ek weet is dit moderne populêre geestelike Christelike musiek. Jy kry seker verskillende geure en kleure maar dit is seker wat dit in essensie is. Ek het gou op die web geloer: Gospel beteken Truth, Certainty, Revelation, Credulity. Dit is miskien 'n bietjie 'n gevaarlike groepnaam om sulke musiek te klassifiseer.
- Dit is musiek wat gebaseer is op die Evangelie/Christelike waardes/Christen-wees in 'n moderne styl wat vir jongemense lekker luister.
- Dit is musiek wat vanuit 'n Christelike perspektief geskryf en sing word, maar wat in plaas van die boek Psalms en ander bybelgedeeltes (soos wat ons dit in die kerk gewoond is) ook hul eie teks gebruik in kombinasie met postmodernistiese (of seker populêre) musiek. Die deuntjies is meer "met die tyd" en die teks meestal ook - wat beteken dat dit in inhoud armer is want dit fokus meestal op liefde en nie op ander eienskappe van God en Christelike geloof nie.
- Volgens my is dit 'n tipe evangeliese musiek waarvan die boodskap/ sekere woorde in die lied gegrond is op die Bybel.
- Dit is musiek wat onlangs geskryf is en wat



baie deur mense (spes. jeug) gesing word wat uit 'n meer evangeliese hoek kom. Gospel is baie naby aan Christian Rock. Oor die algemeen is gospel vir Christian Rock soos wat Country vir Secular Rock is (in my mening, maar ek weet ook nie so baie oor musiek soorte nie). Die boodskap wat baie duidelik uitkom in altwee Gospel en Christian Rock is dat God sy Seun gestuur het om ons te red. Dit is dus baie kere meer Nuwe Testament gerig as Ou Testament.

- Ek dink dit is belangrik om 'n balans te handhaaf in die musiek wat ons luister/speel. Ons kerkmusiek is grotendeels OTies, CCM is grotendeels NTies, dus kan hulle mekaar aanvul. Dit is volgens my ook baie beter om CCM te luister as om SCM te luister.
- Musiek met 'n Christelike grondslag of boodskap.
- Dit is Christelike musiek wat op 'n ligter en lekkerder trant geskryf is om die Boodskap van God se Woord by alle mense van die wêreld uit te kry. Dit is baie keer tekste wat uit die Bybel gehaal is of gedeeltes van die Bybel wat net met musiek verenig is om 'n liedjie te vorm met 'n boodskap.

Dink jy dit is goed om na gospelmusiek te luister?

- Mens moet na gospel luister soos mens na enige alledaagse musiek luister, want in gospel word daar meestal net gepraat van God is liefde en nie die hele evangelieboodskap kom daaruit nie. Verder kan ek niks verkeerd sien in gospel nie.

- Ja, sommige. Daar is baie gospelmusiek wat geskryf en gesing word uit eie eer of (in die meeste gevalle) wat deur dwaalleer geïnspireer is. 'n Mens moet altyd die woorde toets aan die Woord.
- Ek dink nie dis verkeerd nie. Daar is egter ook verskillende gospel soorte, soos gospel in "hard rock " vorm en in 'n meer ligter vorm. Ek het my vraagtekens oor van die verskillende tipes gospel musiek wat mens kry. "Gospel hard rock" is volgens my nie eerbiedig teenoor God nie.
- Daar is niks mee verkeerd as jy weet dat dit "goeie" gospel is.
- Ek hou nie van gospelmusiek nie. As 'n mens egter in ag neem dat gospelmusiek as't ware 'n boek van leke is, dink ek dit het definitief 'n invloed op baie mense. 'n Positiewe invloed. Dit sal egter 'n praktiserende gelowige net van die wal af in die sloot in help.
- As die woorde en uitdra daarvan eerbiedig is, dink ek wel so.
- Jongmense het behoefte aan ligte musiek wat lekker saamsing en ritme het. Om gospelmusiek te luister is selfs 'n manier van evangelisasie.
- Met sekere gospelmusiek vind ek nie fout nie, en dit sou inderdaad beter wees om liewer gospelmusiek te luister as ander populêre musiek, wat soms alleen maar gaan oor (gebroke) liefde tussen mense.. en nie liefde tussen God en mense nie.
- Ek weet nie of dit goed is nie. Dit hang af hoekom en wanneer jy daarna luister. Is dit dalk omdat vandag se kerkmusiek nie meer bevrediging gee nie, of luister jy moontlik daarna omdat so af en toe darem nog die Here se naam genoem word, dus dit is nog wel geestelik? Verder ook wanneer jy daarna luister: in 'n plek waar almal net hulleself geniet en die musiek op die agtergond speel om 'n lekker atmosfeer te skep, (veral in 'n restourant of bar om 'n voorbeeld te noem), dan hoor niemand dit nie en kan jy net so wel dit afsit en iets anders speel waar die Here se naam dan maar nie gebruik word nie.
- Beter as pop/rock etc.solank daar nie verkeerde of misplaaste boodskappe in is nie.
- Wat is dan fout daarmee, dit dra nog steeds die boodskap van God se Woord uit. Dit is wat mense daarvan maak wat gospel 'n slegte naam gegee het.

Is daar gospelmusiek wat jy sou aanraai / afraai om te luister?

- Nee, ek ken nie regtig name van gospelmusiek nie.
- Ja, Don Francisco het goeie musiek geskryf (nie alles nie) en Michael Card sal ek sterk aanbeveel (ek weet nie of al sy musiek so suiwer is nie, maar die waarna ek geluister het was suiwer). Ray Bolts het ook 'n paar goeie liedjies geskryf.
- Afraai: Hard Rock Gospel
- Geen idee. Geen kenner op die gebied. ‘n Mens moet maar eie oordeel gebruik op inhoud en eerbiedigheid/korrektheid.
- Nee, ek ken nie regtig name van gospelmusiek nie.
- Ek ken dit nie werklik nie.
- Ek het net sekere liedjies van Michael W. Smith geluister en dit baie geniet.
- Ja, die musiek van Piet Smit en van 'n Engelse sanger (o gaats, ek het sy naam vergeet), my ma weet dit wel.
- Dit is net belangrik dat as jy na sulke musiek luister, dat mens ten minste kan hoor dis gospelmusiek. Maar die oomblik wat jy regtig goed moet luister om te hoor of die persoon gospel of 'n gewone popliedjie sing, dan raai ek af om dit te luister, daar is tog 'n verskil tussen gelowiges en ongelowiges, tussen die kerk en die wêreld? Dan moet mens mos die

verskil kan hoor en sien?

- Ja. Luister CCM, maar wees altyd op jou hoede. Dit gebeur dat CCM 'n valse boodskap oordra. Party van die liedjies verkondig, bv. dat Christus vir almal gesterwe het en dat almal gered gaan word (iets wat ons beslis nie glo nie), ander liedjies rig baie op hoe ons God moet aanvaar, sodat dit omtrent lyk dat alles in ons hande lê, nog weer ander liedjies trek God af tot op ons vlak, sodat Hy nie meer as een van ons maatjies is nie. Ek raai dus aan om CCM te luister, maar om dit altyd krities te luister en as daar duidelike valshede verkondig word om daardie liedjies nie (meer) te beluister/sing nie.
- Gospelmusiek wat ek sou afraai is al die soort musiek wat probeer om mense in 'n trans te plaas in plaas van om dit te gebruik om saam musiek te maak tot eer van God. Jeug sangbundel se liedere is 'n goeie begin vir musiek wat ek aanraai.

Dit dan van die reaksies. Die bedoeling is om 'n persoon (of meer persone) wat redelik kennis en agtergrond oor gospelmusiek het, te vra om 'n goeie artikel daaroor te skryf met riglyne. Hierdie persone sal uiteraard ook die inligting wat in hierdie "onderhoude" na vore gekom het, gebruik. Hierdie artikel/s sal in 'n volgende Olielamp uitgawe verskyn.

VERAS OF BEGRAWE?

Carien Antonides

Genesis 3:19b

Want stof is jy, en tot stof sal jy terugkeer.

Wanneer laas het jy deur die koerant geblaai? Het die lang lys doodsberigte jou ook opgeval? Maar nog opvallender is dat daar in die meeste berigte gepraat word van ‘n verassing en nie van ‘n begrafnis nie. Maak dit saak wat met ons liggame gebeur nadat ons dood is? Is verassing maar net ‘n vinniger verwesenliking van Gen. 3: 19b ?

In 1 Kor. 15 skryf Paulus uitvoerig oor die opstanding van Christus en ook oor die opstanding van die gelowiges. “Maar nou, Christus is opgewek uit die dode; Hy het die Eersteling geword van die wat ontslaap het” (vers 20). **Christus is dus die waarborg van die salige opstanding van die gelowiges** (Sondag 17, HK).

Paulus bespreek die opstanding na aanleiding van die voorbeeld van ‘n koringkorrel. Die koringkorrel word in die grond begrawe en gee lewe aan ‘n koringplant. Ons dooie liggame word in die grond begrawe en net soos wat daar uit die koringkorrel ‘n nuwe aar voortkom omdat die sterwende korrel die kiem van die lewe in hom dra, so kom daar uit ons dooie liggame wat vergaan ‘n nuwe liggaam voort. Die dooie liggaam dra die kiem van die lewe in hom. Met die beeld gaan Paulus duidelik uit van die begrafnis en nie van verassing nie.

Die graf is dus vir die gelowige nie net die plek waar vertering van die liggaam plaasvind nie, maar die plek waar die liggaaam in oneer gesaai word, om op God se tyd in heerlikheid opgewek te word. Sonder die begrafnis bly 1 Kor. 15 onbegryplik.

Verassing is ‘n gewoonte van heidense oorsprong, en is verbind met ‘n klomp anti-godsdienstige motiewe alhoewel dit dikwels weggesteek word onder sogenaamde goeie

bedoelings bv. die besparing van grond en geld en die bevordering van higiëne. In baie gevalle word daar ook van verassing gebruik gemaak sonder dat mense besef dat hulle iets verkeerds doen, hulle sien verassing en ‘n begrafnis in dieselfde lig.

By verassing vind die vernietiging van die oorledene se liggaam nie plaas volgens God se wil nie, maar die proses word deur die mens self uitgevoer. Die mens tree dus op die manier op as die heerser oor lewe en dood, en daar word uitgegaan van die gedagte dat die liggaam die eiendom van die mens is, terwyl dit God se eindom is.

As daar na die Bybel gekyk word is dit duidelik dat daar wel gebruik gemaak word van verassing, **maar** slegs as ‘n straf wat deur God bevel is of in uitsonderlike gevalle. Bv. Agan (Jos. 7 :25) is op God se bevel gestenig en sy lyk verbrand omdat hy van die bangoed gesteel het. Volgens Luk. 20 moes die mense wat hul aan bloedskande skuldig gemaak het, verbrand word.
Die Bybel stel begrafnis dus as die norm, beide in die Ou en Nuwe Testament en keer hom daarmee teen lykverbranding.

Die Seun van God is die grond van ons hoop op ‘n salige opstanding. Daarom moet ons ons steeds met die grootste beslistheid teen verassing verset.

Bronne:
1. Graf of Oven? – Ds P Lok
2. Kremasie in die lig van die Bybel –Ds A Lindhout

Rehobot

Gen 26:22 : " Nou het die HERE vir ons ruimte gemaak"

Jeug van die Vrye Gereformeerde Kerk te Bellville

DEUR DIE SLEUTELGAT

Axel kla daar is te min sosiale aktiwiteite in die Kaap. So ons sal maar alles hier lys, sodat hy kan sien wat alles onder sy neus gebeur het. Axel, daar is altyd iets, vind net uit waar. As daar nie ‘n *social* is nie, skep een. Twee naweke terug het Hester glo vir Jaco gebel om te vra dat hy nie iets kon reël nie. Volgens haar het daar nie veel in die jeug aangegaan nie. Jaco gaan toe en reël iets uit die diepte van sy hart en Hester daag nie op nie. Om alles te kroon, reël Lieneke net die aand daarna ‘n speletjiesaand by hulle huis. En wie daag op? Theo en Ewart. Ewart het spesiaal *Monopoly* saamgeneem, maar daar was niemand om te speel nie. Annamarie se beroemde sjokoladekoek en kerslig het darem die aand gered. Waar was die res? Besig om te kla dat daar weereens nie iets op die sosiale kalender was nie?

Saterdag was almal by Antonides, want Carien en Corrien het verjaar. Daar is eers

rugby gekyk. Die beeld het op ‘n stadium uitgesny en ons moes op die radio verder luister. Erik het om die een of ander rede groot agting en vertroue in “Slap chips” gehad, maar al ons ge*cheer* en Corrien se neerbuigende opmerkings oor die *Cats* het net mooi niks gehelp nie. Ons het verloor. Ek gaan liewer nie nou kommentaar lewer oor die spel nie.

Ons het die aand wel deeglik agter gekom dat Corrien ‘n fotokamera vir haar verjaarsdag gekry het. Sy het nou ‘n foto van elkeen wat die aand bygewoon het. As julle wil bestel, die tel nr is: 919 9675. Sy het selfs op ‘n muur geklouter om spesiale *shots* van bo af te neem. Erik en Axel was agter die kole en het hulle goed van hulle taak gekwyt. Selfs Maartje se halwe os was gaar.

Die Gautengers neem oor hier in die Kaap. Ek het nou al Dirk, Monika, Hans, Tineke en Axel (wat teveel Gauteng toe verlang) opgemerk. Welkom julle. Ons hoop julle geniet julle tydjie hier by ons.

My stories raak op. Volgende Saterdag gaan ‘n klomp Jonkershoek toe en nog ‘n klomp Clifton toe. Volgende keer meer daaroor...

Die Sleutel

‘N MENING VAN OORSEE

Dit is nou al ‘n hele paar jaar terug dat Bea-hulle (dit is nou sy en haar ouers, ouer broer en boeties) na Denver in die staat Colorado in die VSA geëmigreer het. Dit lyk egter of die bande met Suid-Afrika nog nie heeltemal vervaag het nie en sy het ‘n semester van haar studies af gevat om hier in Suid Afrika te kom kuier. Sy studeer onderwys en om nie heeltemal verveeld met haar self te raak nie help sy so ‘n bietjie uit by Johannes Calvyn laerskool.

In ‘n onderhoud met Bea Bruintjes het ons probeer uitvind hoe sy Suid-Afrika ervaar nadat sy ‘n lang tyd in die VSA gebly het. Hier is ‘n paar vrae wat aan haar gevra is.

Hoe het jy die land ervaar toe jy weer vir die eerste keer na so ‘n lang tyd in Suid-Afrika aangekom het? Het daar baie dinge verander?

Ek kon sien dat baie dinge verander het, maar tog was daar nog baie bekende dinge. My oom en tannie (dis nou oom Jan en tannie Henrietta van de Weide) se huis waarin ons eers gebly het voel nog presies dieselfde en dit voel asof ek nooit weg was nie. Al die bome en bosse is natuurlik nou baie groter. Ook die kerk en skool was nog bekend.
Die mense het natuurlik wel verander (hulle het ouer geword), maar tog was hulle nie vreemdes nie. Ek het gou tuis gevoel en dit was asof ek hulle nog altyd ken.

Hoe vergelyk die onderwys van Suid-Afrika met die van die VSA?

Ek het my prakties in die VSA by publieke skole gedoen waar die onderwys baie sleg is. Die “public education system” in die VSA het nie ‘n baie hoë standaard nie (dis natuurlik anders op die privaat skole). Hier in Suid-Afrika is die onderrig meer gedissiplineerd en die kinders dra hier uniforms wat nie in die VSA gebeur nie. Wat die standaard betref is daar nie baie verskil nie. Toe ons na die VSA gegaan het, was ons ongeveer op dieselfde vlak as die kinders daar.

Hoe ervaar jy die jeugverenigings?

Ek ervaar die jeug baie positief. Ons het maar ‘n

klein gemeente in die VSA en dus nie baie jeug nie. Dit is dus lekker om met die jeug om te gaan en hulle het my gou laat tuis voel omdat almal vriendelik en aangenaam was.
Die jeugvereniging geniet ek ook baie en ek leer ook baie. Dit is belangrik om met mekaar die Bybel te bestudeer en so die HERE beter te leer ken. Omdat daar te min jeug in Denver is, het ons geen jeugvereniging nie.

Watter dele van die land het jy sover gesien?

Ek was nog nie by so baie plekke nie. Ek was al Drakensberge toe en het dit baie geniet.
Vir die res het ek net naby die huis verken (soos Hartebeespoortdam, ens.).

Wat sal jy die beste onthou as jy weer teruggaan?

Die mense en al die lekker dinge wat ek saam met die jeug gedoen het.

Sal jy weer terugkom na Suid-Afrika om te bly of is die VSA nou jou vaderland?

Ons woon baie lekker in die VSA, maar dis nie dat ek graag daar sou bly woon nie. Ek sien ook wel kans om vir twee tot drie jaar in Suid-Afrika te kom bly.

Enige boodskap wat jy aan die jeug wil gee?

Almal word uitgenooi om enige tyd by ons in die VSA te kom kuier.

Dit is goed om te sien dat Suid-Afrika nog ‘n goeie invloed op Bea het. Ek hoop dat sy die res van die tyd hier sal geniet en met baie mooi herinneringe sal terugkeer na die VSA. Mag die vriendskapsbande wat hier weer opgebou is nog lank oor so ‘n lang afstand hou sodat ons mekaar so ook in die geloof kan ondersteun.

VOETSPORE

Die afgelope tyd was ‘n baie besige tyd. Daar is baie dinge gereël om gees te vang. Elke naweek was bespreek. Laat ek julle inlig wat ons alles gedoen het.

Eerstens sou ons ‘n naweek by Klein-Kariba deurbring, maar ongelukkig het dit uitgereën. Die jeug wat egter nog steeds lus was vir ‘n aandjie uit, kon toe na Warmbad gaan en daar in die “spa” gaan lê het.

Die naweek daarna is die jeug na Acko en Nini van der Sluis se plaas toe en daar het ons met tente in hulle tuin uitgeslaan. Die aand het ons lekker gebraai en later om ‘n groot vuur sommer net lekker gekuier. Die nag was rustig met so af en toe groepies mense wat om een of ander rede wakker word en dan begin giggel. Die volgende oggend het ‘n paar mense na oom Martien van der Sluis se plaas gegaan om te sien hoe die koeie gemelk word. Die ontbyt wat bestaan het uit spek en eiers, was heerlik. Daarna is ons almal na ‘n plaasdam so ‘n entjie daarvandaan en het ons lekker in die dam geswem en mekaar met modder gegooi. Party het besluit dat die sonneblomme baie mooi was en het vir hulle daarvan gepluk. Nadat die son ons behoorlik beetgekry het, het ons weer die lang pad huis toe aangedurf. Acko en Nini, baie dankie dat ons by julle op die plaas mog kuier.

Die Donderdagaand, na hierdie naweek, het tannie Inge de Visser weer ‘n keer haar bekende voorsitterskursus aangebied. Ek weet nie of sy al moeg raak daarvoor nie, maar elke keer praat sy weer met soveel geesdrif sodat dit die res van ons net positief kan motiveer. Sy het weer belangrike punte aangeraak watter taak die voorsitters in verenigings het en dat die jeug mooi moet weet vir wie hulle kies. Sy het ook klem daarop gelê dat ons meer moet sing tot eer van die Here en dat ons dit met blydskap mag doen. Ek hoop dat die voorsitters wat daar was van die idees gebruik sal maak om

'n goeie verenigingsjaar te hê en dat die ander lede die voorsitters sal ondersteun. Dankie, tannie Inge, vir u moeite.

Die Vrydagaand was ook besig. Van die jeug het "stock-taking" by A&J Plastiek gaan doen vir geldinsameling. Daar was ook die eerste studente-vereniging byeenkoms hierdie jaar. Ons was by die Technikon van Pretoria waar Johannes de Vries ons vertel het van die nuutste tegnologie. Dit het gegaan oor rekenaars, telefone, radio-seine en nog baie meer. Dit was regtig baie leersaam. Na die tyd het ons nog op gebou 6 se dak stokbrood gebraai.

Die Saterdag was daar 'n gemeentedag waar die jeug die meeste van die tyd in die swembad deurgebring het en die ouer mense meer die skaduwees van die bome verkies het. Die gemeentedag was by Silkaatsnek (dankie, oom Cees de Jager) en ons moes eers 'n ent deur die reservaat ry voordat ons by die kuierplek uitgekom het. Dit was lekker om te sien hoe groen die wêreld na al die reën was, ongelukkig was dit net moeiliker om al die wild raak te sien.

Die middag is 'n heerlike ete voorsien en die mense kon 'n entjie gaan stap het. Nadat die son ons behoorlik gebraai het, is almal weer huis toe.

Daardie aand het al die Olielamp redaksies in Gauteng lekker gaan kuier by die *Blue Crane* restaurant om bande te versterk. Die Maranatha redaksie het dit gereël en dit was regtig 'n puik idee.

Laastens, maar nie die minste nie, die jeugkoor het weer begin. Almal wat van sing hou kan by die koor aansluit. Die doel is nie om die groot koor oor te neem nie. Ons wil net lekker ontspannende liedjies saamsing. Indien daar nog van julle is wat belangstel, kontak Cora Visser vir besonderhede.

Tot 'n volgende keer.
Voetspoor.

Nog iets….

GEDIG UIT: "JA. UW BELIJDEN – UW LEVEN."

akker onder Gods hemel
het gaan om de oogst
mensen – rij na rij – in het bruine gelid
van kerkbanken
vorige Zondag en komende Zondag
akker onder Gods hemel
want als zaad in de voor
is de boodschap van God
in het hart van een belijder
en het gaat om de oogst

Laat ons bid dat die woord van God elke Sondag in ons harte mag weerklink en dat ons nie net vir die skyn in die kerk sit nie. Laat ons die evangelie hardop bely en in ons harte dra.

VERJAARSDAE

Bethal

Alet van der Merwe	09-Apr
Ryno Fletcher	12-Apr
Nicolene Fletcher	26-Apr

Johannesburg

Guido Kuyvenhoven	09-Apr
Aurelius Kuyvenhoven	31-Mei

Kaapstad

Maaike Raimond	08-Apr
Maartje Eefting	19-Apr
Sarel van Wyk	03-Mei
Roseanne le Roux	05-Mei
Anel Winterbach	09-Mei
Erik-Jan Moes	16-Mei
Karen Douma	19-Mei
Jacques Kilian	20-Mei
Marco Zielman	22-Mei
Vanessa Derks	24-Mei

Maranata

Hermien Bijker	15-Apr
Irma Boon	20-Apr
Johannes de Vries	20-Apr
Gerda de Vries	21-Apr
Jessica Kampman	21-Apr
Herman de Jager	25-Apr
Janneke de Vries	30-Apr
Berend de Jager	03-Mei
Iman van den Bout	07-Mei
Frans Hagg	11-Mei
Monika Kampman	12-Mei
Anita Dryfhout	23-Mei
Rynald de Wit	24-Mei

Pretoria

Gerrit Kamphuis	07-Apr
Anita Zielman	09-Apr
Jan van de Weide	10-Apr
Erika Ros	19-Apr
Karina Smit	25-Apr
Nicolas Kleyn	26-Apr
Wieger van der Veen	03-Mei
Naomi Schuring	15-Mei
Willemien Kleyn	15-Mei
Anja Smit	18-Mei
Christelle Bosker	30-Mei